[15A]

# Conference of Editors
# Redakteurskonferensie

1st Floor
Kine Centre
Commissioner Street
**Johannesburg**
P.O. Box 7766
Tel: (011) 331-0661
Telex 48-8061
Fax (011) 331-7473
Tel. Add. SAPA

1ste Vloer
Kine Sentrum
Commissionerstraat
**Johannesburg**
Posbus 7766
Tel: (011) 331-0661
Teleks 48-8061
Faks (011) 331-7473
Tel. Ad. SAPA

Date Rec'd : ..18/3/92...
Date Ackn : ..18/3/92...
Docs Sent : ..n/a:......
Handed for Processing to :
..........WG1...........

SSdS/mr

12 Maart 1992

**Die Sekretariaat**
**Kodesa**
**Posbus 307**
**ISANDO**
**1600**

Geagte Heer

Die Konferensie van Redakteurs, wie se lede bestaan uit die redakteurs van elke belangrike koerant in Suid-Afrika met insluiting van die sogenaamde alternatiewe pers, het op 'n vergadering op 29 Januarie in Kaapstad besluit om 'n voorlegging oor persvryheid aan Kodesa te doen.

Die voorlegging soos deur die vergadering goedgekeur, word hierby ingesluit.

Namens die Konferensie spreek ek die hoop uit dat dit u ernstige aandag sal geniet.

Die uwe

.........................
**S.S. DE SWARDT**
**VOORSITTER**

[1 SB]

**MEMORANDUM OOR PERSVRYHEID**

Die Konferensie van Redakteurs, saamgestel uit die redakteurs van al die vernaamste koerante in Suid-Afrika, het verskeie buitelandse modelle van wetlike bepalings oor persvryheid bestudeer, in die besonder waar persvryheid en vryheid van spraak in 'n grondwet of 'n handves van menseregte omskryf is.

Die vernaamste hieronder is die Switserse grondwet, die Brasiliaanse grondwet, die Namibiese grondwet, die Duitse grondwet en die Amerikaanse grondwet.

Daarbenewens het die Konferensie die SA Regskommissie se tussentydse verslag oor groep- en menseregte bestudeer, asook die ANC se voorstelle oor 'n media-handves.

Die model wat die Konferensie verkies, is dié van Duitsland, wat miskien die uitdruklikste wetlike versekering oor persvryheid bevat.

Die Konferensie beveel aan dat persvryheid in 'n grondwet verskans word, selfs al is daar byvoorbeeld in 'n handves van menseregte vir vryheid van spraak voorsiening gemaak. Dit is inderdaad wat die SA Regskommissie van regter Olivier doen, met sy Artikel 12 van sy voorgestelde Akte van Menseregte. Dit lui:

''Elke persoon het die reg op vryheid van spraak en ander wyses van uitdrukking en om inligting te bekom en te versprei.''

In hierdie artikel word nie spesifiek na persvryheid verwys nie, wat na die mening van die Konferensie 'n tekortkoming is. Die Konferensie verkies die baie sterk verkansing van persvryheid in die Duitse grondwet. Dit maak deel uit van die Fundamentele Regte (Grundrechte) wat nie wesenlik verander mag word nie - nie eens deur 'n tweederde-meerderheid wat in die Parlement vir 'n wysiging van die Duitse grondwet nodig is nie.

Die Konferensie meen dat die betrokke Duitse bepaling oorgeneem en aangepas kan word, eerstens met byvoeging van die noodsaaklikheid om media-diversiteit te beskerm, en tweedens deur die woorde ''uit algemeen beskikbare bronne'' weg te laat.

Die aangepaste ontwerp-voorstel (sonder die onderstreepte deel) sal dan so lui:

''Elke persoon het die reg om sy mening mondeling, skriftelik en in beeld vryelik uit te druk en te versprei, en om homself ongehinderd uit algemeen toeganklike bronne in te lig. Persvryheid en die vryheid van verslaggewing deur uitsaai en film word gewaarborg, terwyl die diversiteit van inligting en menings in die media beskerm sal word. Geen sensuur sal toegepas word nie.''

Die Konferensie van Redakteurs beveel aan dat dié ontwerp-voorstel die absoluut verskanste deel van basiese regte in 'n nuwe grondwet uitmaak.

**MEMORANDUM ON PRESS FREEDOM**

The Conference of Editors, constituted from the editors of all the leading newspapers in South Africa, studied several foreign models of legal protection of press freedom, particularly where press freedom and freedom of speech are defined in a constitution or a bill of rights.

The most notable among these models are the constitutions of Switzerland, Brazil, Namibia, Germany and the United States.

The Conference also studied the SA Law Commission's report on group and human rights, as well as the ANC's proposals for a media charter.

The model the Conference prefers is that of Germany, which contains perhaps the strongest legal assurance about press freedom.

The Conference recommend that press freedom must be entrenched in an new constitution, even though there could be provision for freedom of speech in a bill of rights. The last-mentioned possibility is indeed what Mr Justice Olivier's Law Commission propose in Article 12 of their proposed Bill of Rights, which reads:

''Everyone has the right of freedom of speech and other modes of expression and to obtain and disseminate information.''

This article does not explicitly refer to press freedom, which the Conference regards as a shortcoming. The Conference prefers the specific entrenchment of press freedom in the German constitution. It is embodied in the Basic Law (Grundrechte), the part of the German constitution dealing with basic rights which may not be altered in substance - not even by way of the two-thirds majority of Parliament required for an amendment to the constitution.

The Conference proposes that the German clause be adopted, firstly by adding the necessity of protecting media diversity, and secondly by removing the words ''from generally accessible sources''. Thus the draft submission (without the underlined words) would read:

''Everyone has the right freely to express and disseminate his opinion in words, writing and images and to inform himself unhindered from generally accessible sources. Press freedom and the freedom of reporting by broadcasting and film are guaranteed, while diversity of information and opinion in the media shall be protected. Cencorship shall not take place.''

The Conference of Editors recommends that this submission should form part of the absolutely entrenched basic rights in a new constitution.

[15C]

C • O • D • E • S • A

MANCOM\CORRES\LET (3)

MANAGEMENT COMMITTEE\CORRESPONDENCE\ACKNOWLEDGEMENT

Mnr SS de Swardt
Redakteurskonferensie
Posbus 7766
JOHANNESBURG
2000

23 Maart 1992

Geagte Meneer De Swardt

Ontvangs van u skrywe gedateer, 12 Maart 1992 word erken.

U belangstelling in die werksaamhede van KODESA, soos blyk uit u brief word waardeer.
Die voorlegging aan ons gestuur, sal onder die aandag van die betrokke werkgroep gebring word.

Vir u aandag word meegaande Verklaring van Voorneme (tans slegs in Engels beskikbaar) aangeheg. Die dokument is op 20 Desember 1991 deur die Konferensie vir 'n Demokratiese Suid-Afrika aanvaar.

Met vriendelike groete

Murphy Morobe
KODESA ADMINISTRASIE

CONVENTION FOR A DEMOCRATIC SOUTH AFRICA

PO Box 307, Isando, 1600, South Africa.
Telephone (011) 397-1198/99. Fax (011) 397-2211